

SARS DOEANE ONDERSKEP RENOSTERHORING BY OR TAMBO

Tshwane, 3 Junie 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-eenheid, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), het daarin geslaag om 'n poging, om renosterhoring landuit te smokkel, te kortwiek nadat inligting ontvang is oor verdagte bagasie onderweg na Abu-Dhabi.

Die doeanespan het gereageer deur beamptes na die bagasie-area te stuur waar die bagasie geskandeer is en die beelde ontbloot het. Twee items bagasie, in plastiek toegedraai, is na die doeane-soekarea geneem waar die bagasie herskandeer en deursoek is. Met inspeksie is 17 stukke renosterhoring, met 'n gewig van 25 kg, gevind. Die SAPD het die passasier na die internasionale polisiestase geneem. Die goedere is aan die SAPD oorhandig vir verdere ondersoek.

SARS ervaar 'n styging in pogings om renosterhoring deur OR Tambo Internasionale Lughawe landuit te smokkel. Gedurende die tydperk Julie 2020 tot April 2022, was daar agt gevalle van opsporing van renosterhoring deur profilering en inligtingdelingsnetwerke - 'n totaal van 137 stukke met 'n gewig van 482 kg.

- April 2022: twaalf (12) stukke met 'n gewig van 30.7 kg
- Desember 2021: ses (6) stukke met 'n gewig van 4 kg, verklaar as 'persoonlike besittings'
- Desember 2021: vyf (5) stukke met 'n gewig van 10 kg, verklaar as 'skandeerders'
- Julie 2021: twee-en-dertig (32) stukke met 'n gewig van 160 kg, verklaar as 'lewendige plante'
- Februarie 2021: agttien (18) stukke met 'n gewig van 63 kg, verklaar as 'HP kassetontwikkelaars'
- Desember 2020: sewentien (17) stukke met 'n gewig van 72.4 kg in 'n geysers verstek
- September 2020: ses (6) stukke met 'n gewig van 4.9 kg, as 'koffiebone' verklaar
- Julie 2020: een-en-veertig (41) stukke met 'n gewig van 137 kg, verklaar as 'fyn kuns'.

SARS se kommissaris het sy dank uitgespreek teenoor die wetstoepassende agentskappe se gefokusde aandag in die hantering van kriminele se deurdringende pogings om renosterhoring te smokkel.

Hy het gesê: "Dit is duidelik dat die kriminele selfs meer skaamteloos geword het in die smokkeling van veral renosterhoring. Die voorbeeldige pogings deur doeane-beamptes, in samewerking met hul eweknieë in die SAPD, om hierdie afskuwelike misdade hok te slaan, verdien die lof van alle Suid-Afrikaners. Ons boodskap moet duidelik wees aan hierdie kriminele sindikate, dat ons geen poging sal ontsien om hulle die hoof te bied nie. Ons toekomstige generasies verdien om die nasionale erfenis van ons wilde diere te beleef."

Hy het voortgegaan: "As 'n land moet ons nie net hierdie bedreigde spesies beskerm nie, maar seker maak dat diegene wat 'n kriminele leefstyl verskies, vervolg word en vir 'n lang tyd tronk toe gestuur word. Hierdie is 'n doelbewuste en sistematiese sabotering van ons ekonomie."

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE



